# VAN ONS SUSTERS

Ons volgende pannekoekbakgeleentheid is DV op **5 en 6 Junie (Vrydag en Saterdag)**. Dit is weer by ***Pick & Pay Vanderhoffpark.*** Jy kan solank bestanddele bring as jy wil, die lys van benodigdhede is op die susters se WA-groep. Die baklys is in die saal beskikbaar, sit jou naam asb op. Dit is ook 'n heerlike kuiergeleentheid.



Ek herinner aan ons verkoping wat vanjaar DV op **20 Junie**, in die vorm van 'n WINTERFEES plaasvind.

Ek is seker almal is al druk besig met werk en beplanning Die wyksusters se lyste is by **Marli** beskikbaar! Kry dit asb vandag sodat jy kan begin insamel.

Mag dit 'n geseënde week wees! *Groete Alta*

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 18 Sondag 31 Mei 2026
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel** 082 864 4422
rudynell@jenny.co.za

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis: Paul Schutte** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 11 **Nico Spaumer** en Wyk 12 **Loffie Eloff**
**Diaken:** Wyk 11 **Gert Kruger** en Wyk 12 **Pieter Bouwsema**
**Teebeurt: Suster van Wyke 10, 11 & 12 Wymie du Plessis**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk,

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND** Vandag is in ons kerkverband uitgeroep as 'n **Dag van Verootmoediging** na aanleiding van die onrus in die kerke oor die verdeeldheid wat tans heers, die krisis van stygende lewenskoste as gevolg van die oorlog in die Midde-Ooste, asook die wydverspreide en voortgaande uitbreking van bek-en-klouseer, tesame met die gevolge van onlangse streeksrampe soos vloede en veldbrande. Verder dien die ellende wat veroorsaak word deur volgehoue korrupsie en misdaad, veral soos dit aan die lig kom binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens, in die lig van die Skriftuurlike belofte dat wetsgehoorsame burgers nie die owerhede hoef te vrees nie (Rom. 13) ook as motivering tot hierdie dag van verootmoediging.

**Woordbediening:** Esra 7:1-10; 9:1-10:6. **Fokusvers:** Esra 9:5, 6.
**TEMA:** "My God, ek is te skaam...!"
**Sing:** Psalm 99:2; Psalm 99:1, 3, 4; Psalm 86:1, 3; Psalm 130:1, 2; Psalm 40:4, 6;
**Sing met meelewing:** Psalm 20:2, 4.

**EREDIENS om 17:00**
**Woordbediening:** 1 Korintiërs 12:1-11.

**Fokusverse:** 1 Korintiërs 12: 11 (verwys in preek na 2 Korintiërs 5:11, Matteus 18: 3, 2 Timoteus 2: 2, Hebreërs. 5:14).
**Kerkorde:** Kerkorde, artikel 8.
**TEMA:** *Omdat die Gees gawes uitdeel volgens sy wil, kan geroepenes wat nie studeer het nie, maar buitengewone gawes ontvang het, as Woordbedienaars toegelaat word.*
**Sing:** Psalm 89: 6; Psalm 148:1, 5; 15-7 [43]: 4, 5;
Psalm 119: 51, 52; Psalm 91: 5, 8 (na die wegstuurseën).

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **Teologiese Studentekas.** Volgende week: ***Uitdra van die Evangelie***

**VANAAND:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

## LIEF EN LEED   *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
Ons betuig ons innige meegevoel met **Nico en Sarie Spaumer**. 'n Kleinseun van hulle, ***Eshan van Schalkwyk***, is hierdie week oorlede. Hy het breinkanker gehad. Die begrafnis het gister aan die Oosrand plaasgevind.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**André Joubert** wat nog sukkel met sy suurstofvlakke.

**Susan Nortjé** is in Mooimed Hospitaal opgeneem gevolg van pyn in een van haar niere.

**Ria Buys** wat palliatiewe sorg in die versor-gingseenheid van Huis Eikelaan ontvang.

**Tjaart du Plessis** het die afgelope tyd las van vog op sy longe as gevolg van hartversaking.



**Lappies Labuschgane** is die afgelope week in Medikliniek opgeneem. Die internis het toetse gedoen om te bepaal of Lappies aan epilepsie ly. DIe verwagting was dat hy Donderdag ontslaan sou word.

**Denise van der Bergh** is ook die week in WIlmed Park hospitaal opgeneem en word behandel vir erge drukking op die brein en migraines te wyte aan 'n vernoude aar.

**Flip Mostert** is in Die Wilgers Hospitaal opgeneem en sal môre chirurgie ondergaan waartydens onbekende massa op sy regterbreinlob verwyder sal word.

**Lenie Bouwsema** het Donderdag 'n prosedure in Mooimed Hospitaal ondergaan.

Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:

***Huis Eikelaan:*** Srs. Lily Pretorius, Mien Prinsloo, Emmarensia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel en Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte.

***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter.

---

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons deel in **Peet Buys** se vreugde nadat daar vir hom 'n 31ste agterkleinkind gebore is.

---

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Vandag 31 Mei is **Theo en Magda van der Merwe (12 jaar) getroud.** Baie geluk.

# *VERJAARDAE*

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 31/05 | **Wynand Serfontein**. Wyk 3 |
| Di | 02/06 | **Lourens du Plessis**. Wyk 11 |
| Wo | 03/06 | **Magriet du Plessis**. Wyk 8 |
| | | **Jan-Charl Venter**. Wyk 3 |
| Vr | 05/06 | **Cornelia Chambers**. Wyk 5 |
| | | **Ds Harry Cilliers**. Wyk 1 |
| | | **Leané Landman**. Wyk 3 |
| Sa | 06/06 | **Sanet du Plessis**. Wyk 8 |

**Bede met meelewing:** Psalm145: 10 en 11

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Vr | 05/06 | | ***Susters Pannekoek*** | P & P Van der-Hoffpark |
| Sa | 06/06 | | ***Susters pannekoek*** | |
| Sa | 20/06 | 08:30 | **WINTERFEES** | KERKTERREIN |

| **KATKISASIE** | **Sondag 31 Mei** | **Sondag 7 Junie** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 13 (JvD) | Les 14 (RL) |
| **Laerskoolkatkisasie** | (RL) | (JvD) |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | 1 Samuel 3<br>Psalm 65: 2<br>Sondag 40<br>Eksodus 20: 14 | 1 Samuel15<br>Psalm 65: 2<br>Sondag 41<br>Eksodus 20: 15 |



**BYBELSTUDIE**

Die Bybelstudiegroep wat Donderdagoggende bymekaar kom, sal eers weer op 18 Junie bymekaarkom, aangesien die kerksaal ook as eksamenlokaal gebruik word.

---

**TER APPROBASIE:** Die naam van **Nelis Coetsee** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir dienswerk as ouderling met werksterrein wyk 5.

---

Geopende *Deure*

**FRONTLINIE GELOOF**

Vervolg Maar nooit alleen.

Beste Gereformeerde Gemeente - Potchefstroom

Op Sondag, 1 Maart, het die Verenigde State van Amerika (VSA) en Israel beweer dat Khamenei en ander hoëvlak-amptenare in aanvalle dood is. Die Iranse staatstelevisie het die dood van hul opperste leier, Ajatolla Ali Khamenei (86), bevestig, wat sedert 1989 as Iran se opperste leier gedien het.

Dit kom nadat weke van onderhandelinge tussen Iran en die VSA geëindig het. Hierna het die VSA en Israel oor die naweek aanvalle in Iran uitgevoer, en Iran het met sy eie missielaanvalle teruggekap.

Terwyl die nasionale TV oor die dood van die Ajatolla treur, het video's wat op sosiale media geplaas is tonele van blydskap in Teheran gewys. In ander lande regoor die wêreld het baie Iraniërs die strate ingevaar om die nuus te vier.

'n Christen en Geopende Deure-kenner het gesê: "Ek praat as 'n Iraniër en as 'n Christen met 'n swaar hart. Ek vier nie die oorlog nie, en ek neem ook nie die lyding wat dit vir gewone gesinne in Iran, Israel en regoor die streek bring ligtelik op nie. Elke lewe is kosbaar voor God.

"*Tog kan ek as 'n Iraniër ook nie die diep verlange na vryheid ignoreer wat al geslagte lank in ons mense se harte leef nie. As hierdie pynlike oomblik 'n keerpunt vir geregtigheid en ware vryheid word, dan is my gebed dat dit nie tot groter vernietiging sal lei nie, maar tot die herstel van waardigheid, hoop en vrede*."

Ons doen 'n beroep op julle, ons vennote en kerke, om saam met ons vir Iran en die Kerk in Iran te bid.

Verenig in Christus — Geopende Deure Afrika